

Sommer net ...



*Die Kluisenaar**

Ebba Pauli

Blydskap

Die kluisenaar het van die dorp na sy grot teruggegaan. Hy wou juis 'n slingerpaadjie deur die bos na die berg kies. Toe bly hy staan.

Hier, soos op baie plekke langs die pad, het 'n paal gestaan met 'n nuwe kruis daaraan vasgemaak. Die figuur van die Gekruisigde het teen 'n gewone plank gehang en 'n tweede plank het dit so op 'n manier teen die reën beskerm. Alleen baie naïewe oë kon iets aantrekliks in die beeld sien. Maar in die streek het juis mense met sulke oë geleef, en die paal en planke was byna altyd met blomme versier.

Hier het nou 'n meisie gestaan; sy was nog 'n kind. Sy het 'n stringetjie van veldblomme gemaak en dit nou so probeer vasmaak dat dit weerskante van die kruis sou ahang.

“Vrede vir jou, kind,” sê die kluisenaar.

Sy het sy groet beantwoord en vrymoedig na hom opgekyk.

“Wat beteken jou blomme, kind?” vra hy terwyl hy vriendelik glimlag.

“Ek wou dankie sê,” sê die meisie sonder om te weifel. “Moeder was siek gewees, maar nou is sy weer beter. Vader was weg gewees, maar hy het die vorige week tuisgekom. Ek glo dat Moeder uit pure blydskap beter geword het. Die hele winter was alles so swaar en nou is alles weer rustig. Ek het so dikwels gebid dat Vader moet tuiskom en dat Moeder weer gesond moes word. En nou het dit gebeur! Nou wil ek graag dankie sê, maar ek weet nie hoe nie. Ek het g'n geld vir 'n kers vir die heilige jonkvrou nie. En daarom doen ek dit.”

Sy het eenvoudig en vertroulik gepraat. Sy het geweet wie die kluisenaar was en dat 'n mens met hom oor alles kon praat. Sy het hom al meermale gesien en gewens dat hy met haar moes praat, al was dit maar net een woord. Daarom het die woorde nou as't ware vanself gekom toe hy van die blomme vra. Toe hy nie dadelik antwoord nie, het sy na hom gekyk en gevra:

“Dink u dat dit net so goed is as 'n kers? Ek bedoel ... sal dit gaan?”

“Ja,” antwoord hy ernstig. “Dit glo ek. Dit is net so goed. Sien jy, die blomme van die veld en die kerse van die hele wêreld en al die ander dinge behoort aan God. Ons kan Hom niks gee wat nie al aan Hom behoort nie.”

Daar het ’n skaduwee oor die gesig van die kind gegaan. “Nee, dit kan ons nie doen nie,” stem sy aarselend toe.

“Wanneer ons dankie wil sê, kan ons Hom maar één ding gee,” gaan die kluisenaar voort, “en dit is die vreugde van ons hart. Toe jy die blomme aanmekaargebind het, was dit asof jy iets tasbaars gesoek het waarin jy jou vreugde aan God kon aanbied. Maar Hy kan dwarsdeur die blomme sien en Hy seën jou. Die mense kom so dikwels na God met hulle verdriet en so selde met hulle vreugde.”

Die kindergesig het weer opgeklaar.

“Ja, dit is so,” sê sy sag. “Dit was my blydschap wat ek wou bring.”

“Maar nou sal ek jou iets sê,” gaan die kluisenaar verder. “Gedurig wanneer jy bly is, dank jy God. Die hele tyd. Dit kom uit jou hart soos ’n lofsang wat God en al die engele hoor en waaroor hulle hulle verheug. Wanneer jy werklik bly is, verstaan jy?”

“Is dit so?” vra sy verbaas. “Is dit so? Die hele tyd?”

Hy knik. “’n Mens se vreugde oor die lewe is die dank wat hy aan God bring,” sê hy. “Die vreugde van ’n mensehart, wat is dit nie! Dit is ’n baie seldsame iets – inderdaad seldsaam. God kry nie baie dank van ons mense nie. Want g’n ander dank is werklik dank nie. Net die vreugde.”

Hy het deels met homself, deels met die kind gepraat. Nou het hy na haar gekyk, vertroulik geknik en voortgegaan:

“Solank as jy bly is, dank jy. Wanneer jy werk en dit met vreugde doen. Wanneer jy daar by die huis is en sien dat jou vader daar is en jou moeder gesond is en jy jou daarvoor verheug. Wanneer jy buite op die veld is met jou skape en bokke, of blomme pluk soos netnou, of wanneer jy houtjies optel in die bos en sien hoe mooi dit daar is en voel of jy kan sing van louter vreugde. En die meeste van alles wanneer jy so bly is dat jy wil probeer om ’n ander mens ook bly te maak. Dan dank jy, dan sing jy jou lofliedere. En God hoor jou.”

Die kind het haar hande gevou. Sy het g’n woorde gehad nie. Dit was vir haar of sy droom. Sy het haarself skielik sien staan in die middel van ’n engelskaar met wit vleuels. Hulle het gesing en sy het saamgesing. Haar gesig het gestraal.

“Dank ek gedurigdeur?” vra sy, nouliks hoorbaar. “Sing ek ’n loflied? O, dan wil ek altyd bly wees.”

“Ja, jy moet dit wees,” se die kluisenaar, “Wees bly. Van die vreugde van ’n mens straal daar helderder lig uit as van al die kerse, en die geur daarvan is heerliker as dié van al die blomme. Wees maar bly!”

Hy het vir haar geknik en die sypaadjie wat die berg op slinger, ingeslaan. Hy het gevoel dat sy ou oë dié dag iets moois gesien het toe hy na die gesig van die kind gekyk het.

*Bron

Ebba Pauli: *Die Kluisenaar*; Uit Sweeds vertaal deur Hymne Weiss. J.L.VAN SCHAİK, Pretoria Tweede Druk 1983; p 63-66